Mnr. Fanie Bekker (regs), waarnemende operasionele direkteur van CapeNature, en mnr. Ivan Donian (links), hoof van CapeNature se kantoor in Oudtshoorn, gesels met prof. Richard Cowling, plantkundige by die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in Port Elizabeth.
Foto: JAN GREYLING

CapeNature bedank verskeie vir bewaring

Oudtshoorn. – CapeNature het Donderdagaand verskeie mense en instellings bedank vir hul werk om die Gouritz-inisiatief 'n werklikheid te maak.

"Ons is vanaand hier om erkenning te gee aan die private sektor vir sy bydrae tot bewaring," het mnr. Fanie Bekker, waarnemende operasionele direkteur van CapeNature, by 'n geselligheid by die Chandelier-wildplaas gesê.

Onder die instellings wat 'n sertifikaat van waardering ontvang het, is die *Oudtshoorn Courant* en *De Hoorn* en die Suid-Kaapse kantoor van *Die Burger* vir mediadekking oor die inisiatief.

Onder die individue wat vereer is, is prof. Richard Cowling van die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in Port Elizabeth, mnr. Wayne Meyer van die Fransmanshoek-bewarea, mnr. André en mev. Louise Gouws van Prins Albert, mnr. Chris Taute, burgemeester van die Hessequa-munisipaliteit, mnr. Vernon Gibbs-Halls, voorheen van die Hessequa-munisipaliteit en tans omgewingsbeampte by die Eden-distriksmunisipaliteit, mnr. Bill en mev. Di Turner, wat die protea-atlas saamgestel het, die volstruisboere mnre. Jan Brink, Joey Potgieter, Bartel du Toit en Hein Jonker, me. Annemarie Gebhardt van die onderwysdepartement, me. Lorraine McGibbon van Wessa se ekoskoleprogram, mnr. Johan Coetzer, 'n ere-natuurbewaarder, en me. Janet Naude, wat bedreigde plantspesies help red. – **Tisha Steyn**